DEEL 116 | WEEK 46 | 15 NOVEMBER 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Reënval kan planttyd vertraag, sê boere



Boere in somerreënvalstreke is volstoom aan die werk om hul lande betyds klaar te plant, maar verwagte reënval kan moontlike vertragings meebring.

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens word bo-normale reënval oor die meeste noordelike streke van die land voorspel vir die res van die seisoen. Temperature word ook bo gemiddeld verwag, hoewel toestande kan verander indien die El Niño Suidelike Ossillasie na 'n La Niña-toestand beweeg.

Die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling waarsku boere om daaglikse weerwaarskuwings dop te hou en risikoverminderingsmaatreëls in plek te stel om skade te beperk.

Arno Smit, 'n boer in die Frankfort-Tweeling-omgewing, het alreeds 196 mm reën aangeteken – aansienlik meer as die totale reënval van 250 mm vir die vorige plantseisoen. Gerrit Viljoen, wat tussen Heilbron en Frankfort boer, meld dat hy 140 mm reën ontvang het. Alhoewel sy gewasse goed opkom, meen hy dat aanhoudende reën 'n uitdaging vir die plantproses kan wees.

In die Petrus Steyn-distrik het haelstorms reeds skade aangerig. Werner Nel vertel hoe hy binne 'n uur 45 mm reën en hael gehad het, wat sy sojabone erg beskadig het. Boere in die Moedersdeel-gebied het op 7 November ook haelstorms ervaar wat lande en velde met 'n wit kombers bedek het.

Volgens Graan SA se leweringsverslag sien boere uitdagings raak weens die strawwe weertoestande. Die komende maande sal die fyn dop hou van reënpatrone van kardinale belang wees om die impak op die nuwe oes te bestuur.

SHORT TERM TRUST
BROKERS - MAKELAARS

OESVERSEKERING
met 'n verskil!

Sit geld terug in jou sak met ons
BONUS
opsie, al het jy 'n eis.
· Kwotasies van verskeie versekeraars
· Premie betaalbaar na die oes gelewer is
Terme & Voorwaardes Geld

Sterkte aan al die boere met die nuwe seisoen.

Vir sorgvrye dekking kontak:
Dewald Buys: 082 301 4020 | dewald@stbrokers.co.za

santam | Agri Seker | GEMOEDSRUS VERSEKER JOU RISIKO | King Price INSURANCE

Authorised Financial Services Provider 43364

BKB
The Trusted Home of Agriculture

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

HIGH FERT HF KUNSMIS

Johnny Claassen 082 779 3417

JCB

Eben Claassen 072 581 7627

NOVON PROTECTA

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:



Met opgewondenheid is daar positiewe veranderinge wat plaasvind by Ringerstraat Jeugsorgsentrum. Nie net met herstelwerk wat gedoen word nie, maar ook 'n omwenteling van personeel. Die sentrum stel bekend Elmarie Els as die nuwe bestuurder van Ringerstraat Jeugsorgsentrum en Rethabile Lekata as die maatskaplike werker in haar plek. Die sentrum is opgewonde vir die nuwe fase. Vir enige inligting of as u wil betrokke raak, skakel asb Elmarie Els by 079 599 4135.

# Gemeenskap staan saam

*• Betsie Walsh & Charlene Welgemoed*

Op Vrydag 8 November is daar tent opgeslaan en vrywilligers het opgedaag met voorskoot en pan en gehelp pannekoek bak vir ons liewe klein Anné. Teen 5uur het ons die laaste pannekoek gebak, gerol en afgelewer. 1700 pannekoeke!!!

Al die bestandele is geborg deur die gemeenskap. Dankie aan elke bakster, strooier, roller en natuurlik die afleweringsmense wat met bakkie, kar, fiets en bromponie die strate op en af gery het.

Daar is te veel name om te noem dus gaan ons net dankie sê aan die Here vir al Sy seëninge om die dag 'n sukses te kon maak.






# Hoërskool Wilgerivier se personeel sluit aan by Bela-optog in Pretoria

Dinsdag het verskeie personeellede van Hoërskool Wilgerivier aktief deelgeneem aan die Bela-optog in Pretoria, terwyl hul kollegas op skool blou aangetrek was as teken van solidariteit. Die optog is gereël om beswaar aan te teken teen klousule 4 en 5 van die voorgestelde Bela-wet (Basic Education Laws Amendment Bill), wat invloed het op skole se taal- en toelatingsbeleid.

Hierdie klousules het groot omstredenheid ontlok, aangesien dit skole se vermoë kan beperk om onafhanklike taal- en toelatingsbesluite te neem, wat 'n direkte impak op die karakter en kultuur van verskeie skole kan hê. Duisende deelnemers het van die Voortrekkermonument na Vryheidspark opgeruk om hul stemme te laat hoor en om die regering op te roep om die implikasies van hierdie wetgewing deeglik te oorweeg.

Hoërskool Wilgerivier se personeel het met oorgawe aan die optog deelgeneem en hulself uitgedruk teen die bepalings wat skole se outonomie rakende taal- en toelatingskeuses kan ondermyn. Die steun van die personeel wat in blou geklee was, het 'n sterk boodskap van eenheid en samehorigheid uitgestuur, wat die belangrikheid van hierdie saak vir die skoolgemeenskap beklemtoon het.

Met so baie gemeenskappe en opvoeders wat deelneem, is die hoop dat die Bela-wet hersien word om skole se regte te beskerm en hul unieke kulturele en taalidentiteite te respekteer.




# UIT DIE PEN: Week 47

Ons land se matrieks is tans besig met hulle finale eksamens.
In elke liewe vak behalwe Lewensoriëntering, wat reeds in September geskryf is.
In bykans elke vak is daar twee vraestelle om af te handel. Sommiges het 'n praktiese komponent by waar matrikulante 24 uur het om 'n kuns- of ontwerpstuk te voltooi. By ander praktiese komponente son hulle 'n Praktiese Assesseringstaak (PAT) moes voltooi. Ander vakke het drie vraestelle. Soos by tale.
'n Leerder moet ten minste twee tale hê: een op Huistaalvlak en een taal as eerste addisionele taal. Daar kan ook tweede addisionele tale bygevoeg word. Daar is sommige leerders wat kwytgeskeld kan word van 'n sekere taal, maar dis 'n komplekse proses. Streng voorwaardes is hieraan verbonde.
Alle taaleksamens bestaan uit drie vraestelle, vanaf graad 10. Die eerste vraestel toets begrip, opsomming en taal. Die tweede een het vrae oor die voorgeskrewe letterkundige boeke en die derde vraestel is stelwerk. Soos ons jare gelede gesê het: Opstel en brief.
Dit is nie meer so eenvoudig soos opstel en brief nie. Opstelle kan verhalend, beskrywend, bespiegelend, beredeneer of argumentief wees. Die tradisionele brief is verander na 'n transaksionele teks. 'n Transaksionele teks kan 'n vriendskaplike brief, formele brief (versoek, aansoekbrief, besigheidsbrief, klagtebrief, simpatiebrief, gelukwensingbrief, bedankingsbrief) wees. In die tweede gedeelte van die transaksionele teks kan leerders verwag om 'n formele verslag, informele verslag, resensie, koerantberig, tydskrifartikel, agenda en notule van 'n vergadering te doen. Die laaste deel van hierdie vraestel bestaan uit 'n keuse van 'n formele toespraak, informele toespraak, dialoog, geskrewe onderhoud of 'n huldeblyk. Alles wat 'n leerder in die grootmenswêreld gaan nodig hê.
Die ander dag het ek 'n interessante gesprek gehad met een van die eksaminatore vir die graad 12 eindeksamen, spesifiek vir die derde vraestel wat handel oor die skryfstukke.
Ons wêreld wemel van kunsmatige intelligensie (KI – moet dit nie verwar met Kunsmatige inseminasie nie). Webwerwe maak daarvan gebruik, jy kan kunswerke daarmee skep en beste van alles: KI kan gebruik om briewe, artikels en ander skryfstukke te skryf. Dus kan dit moontlik ingespan word om vraestel 3 in tale te vervang. Die eksaminator was van mening dat vraestel 3 eerder geskrap moet word, aangesien KI ons hele wêreld en die manier waarop ons kommunikeer, gaan oorneem. Eendag.
Dieselfde dag kry ek 'n e-pos. Daar is niks in die onderwerplyn nie. Die e-pos val kaplaks met die deur in die huis. Daar staan geen "Goeiemore" of enige aanhef nie. Net een sinnetjie. Waarvan ek nie kop of stert van uitmaak nie.
Ek skryf terug:
"Goeiemiddag, Koos
Dankie vir jou e-pos. Kan jy asseblief weer 'n e-pos stuur en hierdie keer meer besonderhede verskaf?"
Dit werk gewoonlik. Die skrywer beskryf dan presies wat hy of sy nodig het.
Later kry ek weer 'n e-pos. Redelik gestruktureerd. Goeiemore, sê hulle. Dit gaan aan om te verduidelik hoekom hulle die spesifieke e-pos gestuur het. Met geen naam aan die einde nie.
My e-pos lui toe as volg:
"Goeiemore, ek sien nie jou naam nie Dankie vir jou e-pos…"
O, reageer die skrywer. Ek het vergeet om my naam by te voeg.
Ek dink nie iemand verwag dat 'n e-pos 'n meesterstuk gaan wees nie. Maar soos met stelwerk in vraestel 3, bestaan enige skrywe uit 'n inleiding. Daarna is daar 'n paar paragrawe waarin die probleem bespreek word en die laaste paragraaf is die slot. Heel maklik, dink ek.
Jy sal jou hande saamslaan as jy sien hoe mense wat in die onderwysberoep staan, 'n e-pos benader. Soms is ek lus en skryf: "My e-pos begin ten minste met "Goeiemore". Sal jy asseblief dieselfde doen?"
As daar dan binnekort KI gaan wees om al ons skrywes te hanteer, moet ons in elk geval weet hoe om die inligting in die program te voer sodat dit 'n skrywe kan genereer wat iemand anders sal verstaan. En daarvoor is oefening nodig.
Aan die ander kant kan ek sien hoe leerders met die voorgeskrewe literatuur sukkel. Hulle is nie almal bekend met taalkonvensies, soos in vraestel 1 nie. Baie, amper die meeste, leerders kry die grootste deel van hulle punte vanuit die derde vraestel met hulle stelwerk.
KI is ook nie altyd presies reg nie. Wanneer jy die inligting ingevoer het, en die rekenaar terugkom met die verlangde verslag, moet die leser daarvan dit kan deurlees vir noukeurigheid, sinskonstruksie en om buitelandse terme (soos "students" vir skoolgaande kinders in Suid-Afrika. Hier noem ons hulle "leerders") na te gaan.
Ons gaan al meer van rekenaars en kunsmatige intelligensie gebruik maak. Dit is 'n gegewe. Maar ons het mense met kennis nodig om te dit kan gebruik. Daar moet steeds iemand wees wat die menslike komponent kan byvoeg. Ek wonder of ons ooit in 'n *paperless* wêreld gaan leef? Ek dink ons sal eerder *paperless* wees as totaal sonder paper. Daarom moet ons aangaan met vraestel drie om onsself verstaanbaar te maak.
Het julle al ooit 'n oproep gehad vanaf die KI robot?
"Hallo. My name is Jane and I am calling from ABC. How are you?"
Jy hoor die effense blikkerigheid en stramheid in die stem.
Dan reageer ek met iets soos: "Voilets are blue."
Die stem sê: "I am also fine, thanks for asking."
En net daar sit ek sommer die foon neer.
As jy my ondersteuning en my moontlike belegging nodig het, sou ek graag met iemand met spiere en bloed wou praat. 'n Mens wat dink soos een en wat praat soos een.
Ek wonder vandag hoe die *paperless* wêreld oor 20 jaar gaan lyk.

# School of Destiney se gradeplegtigheid







*School of Destiney het onlangs hul gradeplegtigheid gehou waar leerders erkenning ontvang het vir hul harde werk en prestasies gedurende die jaar.*

## Bedanking

Dankie voel nie soos genoeg nie. Maar dit is al wat ons op die oomblik kan sê. Aan elke persoon wat daar was om Ian se lewe te vier ons is vir julle lief en dankbaar. Baie het van ver gereis. Ons waardeer dit. Ons dink nie ons het daagliks besef watter invloed Ian op ander mense se lewens gehad het nie. Dankie vir elke oproep, boodskap, blomme, kos, liefde en bowenal gebede. Ons dank die Hemelse Vader dat ons kan aangaan. Ons spreek die Here se seën oor elkeen uit en stuur goedheid en guns.

**Liefde**
**Ronel, Tanel en Pauli**
















# Laaste noot-vir-noot vir 2024

Huppel Trippel het vir oulaas heerlik ge-Noot vir Noot. Martie Olivier en Wilna Pienaar was die musiek-meesters; en Sharky en Alberta Kühn die duo wat voorgegaan het met 'Hasie, hoekom is jou stert so kort'. Liedjies soos Die Wandellied en Steve se 'Pampoen' tot by 'Ta' Mossie se sakkie, sakkie boeredans' is met oorgawe gesing. Oor twee weke gaan die saamkuier oor ons kindertyd se kos-herinneringe. Kom speel gerus saam Jukskei en skiet saam kettie. Sharky Kühn en Phillip Fourie is die kontak-persone.



*Alberta en Sharky Kühn*



*Martie Olivier en Wilna Pienaar*

# Heilbron spog met twee wenners by Miss Class of SA 2024



*Tinique Ruiters wenner van Miss Class of SA Teen 2024.*

Miss Class of SA 2024 het met trots hul talentvolle Tiener-kategorie-deelnemers vereer vir hul buitengewone prestasies en onvergeetlike optredes. Tinique Ruiters, wat Heilbron verteenwoordig, het die kroon as Miss Class of SA 2024 Koningin in die Tiener-kategorie verower. Met haar sprankelende persoonlikheid, hope energie en buitengewone verhoogteenwoordigheid het sy die gehoor betower en was tot trane geroer toe sy haar oorwinning met vreugde gevier het. 'n Verdere eer het ook Heilbron toe geval toe Claudia Rezant die titel van Miss Class of SA 2024 Tiener Eerste Prinses verower het. Gevul met emosie en verbasing het Claudia haar welverdiende prestasie gevier. Casey van Rensburg het die titel van Miss Class of SA 2024 Tiener Tweede Prinses ingepalm, en haar sjarme, toewyding en grasie was 'n ware weerspieëling van haar reis tot op hierdie punt. Elke deelnemer het die verhoog met opregte styl en krag gevul, en die ware gees van Miss Class of SA weerspieël. Die organiseerders het hul bewondering uitgespreek vir hierdie jong vroue, wat steeds hul gemeenskappe en maats inspireer. Hierdie ongelooflike prestasies het 'n diep indruk gelaat, en die gemeenskap sien met opgewondenheid uit na die blink toekoms wat vir hulle voorlê. Ruiters is ook gekies om volgende jaar aan die Miss Interpageant deel te neem, wat 'n nuwe hoofstuk in haar merkwaardige reis sal wees.



*Casey van Rensburg (2de Prinses) Tinique Ruiters (wenner) en Claudia Rezant (1ste Prinses).*




# Die gevoel van Kersfees kruip al hoe nader

Om die feestyd-gees weer wakker te maak in Heilbron, het die Heilbron Herald en Office National saamgespan om iets spesiaals vir die kinders van ons gemeenskap aan te bied. Ons nooi elke kind, van enige ouderdom tot en met 18 jaar, uit om 'n handgemaakte Kersornament vir ons te maak. Die enigste reëls is dat die ornament nie groter as 10 cm mag wees nie en dit mag nie gekoop wees nie – dit moet uniek en self gemaak wees! Ouers mag wel help, maar nie alles self doen nie (behalwe as dit vir kinders onder 2 jaar is). Elke kind moet sy naam en ouderdom op die ornament skryf en moet woonagtig in Heilbron wees. Dit kan enige tyd vanaf 1 November tot 30 November by die Heilbron Herald ingee word. Maak hierdie feestyd besonders en help ons om die "fees" weer terug te sit in Kersfees!

Ons sien uit na al die kreatiewe en kleurvolle ornamente wat ons Kersboom in ons winkel sal versier.








# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE: AUCTION

**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA**
**FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN**

**CASE NO: 4055/2019**

In the matter between:
**THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED**
Registration Number: 1962/000738/06 *Execution Creditor*
and

**IGNATIUS CHRISTIAAN DE BEER** *1st Execution Debtor*
**Identity Number: 790412 5034 088**
**MARISKA SUZETTE DE BEER** *2nd Execution Debtor*
**Identity Number: 820925 0087 086**

This is a sale in execution pursuant to a judgement obtained in the above Honourable Court on 30 January 2020 in terms of which the following property will be sold in execution on 25 November 2024 at 13:15 at the **MAGISTRATE'S COURT HEILBRON** situated at **32 ELS STREET HEILBRON** to the highest bidder with a Reserve Price of R50 000.00:

**CERTAIN:** **ERF 1013 ORANJEVILLE EXTENSION 1**
**DISTRICT:** **HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT:** **1 983 (ONE THOUSAND NINE HUNDERED AND EIGHTY THREE) SQUARE METERS**
**AS HELD BY:** **DEED OF TRANSFER NUMBER: T28769/2007**
**SITUATED AT:** **151 SCOTT STREET, ORANJEVILLE**

**THE PROPERTY IS ZONED: VACANT LAND (NOTHING GUARANTEED)**
**SUBJECT to the following conditions:**
Subject to the following servitudes in favour of the Administrator of the Orange Free State as mentioned in **Deed of Transfer No. T7809/1947** registered on the 24th December 1947.

(a) Hierdie erf mag net vir woondoeleindes gebruik word en geen handel of besigheid hoegeneaamd mag daarop geopen of gedryf word nie.
(b) Nie meer as een woonhuis vir enkel familie, met die nodige buitegeboue wat nie vir woondoeleindes behalwe vir bediendes gebruik mag word nie, mag op hierdie erf opgerig word nie.
(c) Hierdie erf mag nie sonder skriftelike goedkeuring van die Administrateur onderverdeel word nie.

**AND FURTHER SUBJECT** to the following servitudes in favour of the Village Management Board Oranjeville:

(d) Geen woonhuis of ander geboue mag nader as 6,30 meters vanaf enige straatlyn en nader as 1.57 meters vanaf enige ander grenslyn van die erf opgerig word nie.
(e) Die eienaar van hierdie erf sal verplig wees om sonder vergoeding die oprigting en instandhouding van enige water en elektrisiteitshoofgeleidings, en die dreinering van riolering van enige ander erf in 'n posisie deur die Dorpsbestuur nodig geag, toe te laat.

**IMPROVEMENTS: THIS IS A VACANT STAND**
*No guarantee is provided with regards to the above improvements
(The nature, extent, condition and existence of the improvements are not guaranteed, and are sold "voetstoots")
The Purchaser shall in addition to the Auctioneer's commission, pay a deposit of 10% of the purchase price in cash or bank guarantee cheque on the day of the sale and the balance against transfer which shall be secured by a Bank or Building Society guarantee in a form acceptable to Execution Creditor's conveyancers, which guarantee shall be delivered by the Purchaser to the Sheriff within twenty one (21) days from the date of the sale and shall provide for the payment of the full balance and any such interest payable as provided for hereunder.
The Rules of this auction are available 24 hours before the auction at the office of the Sheriff of the High Court, **HEILBRON.** The sale will be conducted at the **MAGISTRATE'S COURT, HEILBRON** with auctioneer(s) **WF MINNIE**. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to court rules, apply.
Registration as a buyer is a pre-requisite subject to conditions, inter alia:
A) Directive of the Consumer Protection Act 68 of 2008.
(URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961)
B) FICA - legislation i.r.o. proof of identity and address particulars.
C) Payment of a Registration Fee of R5 000.00 by cash, EFT or card
D) Registration conditions.
**NB: In terms of Rule 46:**
1. (8)(a)(iii) any interested party may not less than 25 days prior to the date of sale, submit to the Sheriff in writing further or amended conditions of sale;
2. (8)(d) any interested party may, not less than 10 days prior to the date of sale and on 24 hours notice to the execution creditor, the bondholder/s and all interested parties, apply to a magistrate of the district for any modification of the conditions of sale;
The aforesaid sale shall be subject to the Conditions of Sale which may be inspected 24 hours prior to the auction, at the **MAGISTRATE'S COURT, HEILBRON.**
Dated at Bloemfontein this 26th day of August 2024.
**STRAUSS DALY INC.**
**EXECUTION CREDITOR ATTORNEYS**
**104 KELLNER STREET, WESTDENE, BLOEMFONTEIN**
**TEL: (051) 430 1540; FAX: 051 4485698 | E-MAIL: collectionsblm@straussdaly.co.za**
**REF: J ELS/cvdw/ISS387**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T35600/2001** passed by **GAMMIE BREITENBACH FAMILIE TRUST TMP NO. 4952** in favour of MAHOMED OMAR, Identity number: 780906 5046 085 in respect of certain ERF 1368 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE. IN EXTENT: 701 (SEVEN HUNDRED AND ONE) SQUARE METERS.
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 07 day of November 2024.
**APPLICANT**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS 40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON 9650**
**EMAIL ADDRESS: aktes@corven.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2035**




**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE IN BESTORWE BOEDEL

In die boedel van wyle **A HAEFELE,** ID 530706 5089 082, in lewe getroud binne gemeenskap van goed met **SOPHIA ADRIANA HAEFELE, ID 540722 0177 085** en woonagtig te plaas Vaderserf, Heilbron, 9650.
Oorlede op 19 Julie 2024.
**Meesterverwysingsnommer: 6843/2024**
Krediteure en debiteure word hiermee versoek om hulle eise teen die boedel en hulle skulde aan die boedel in te dien en te betaal binne 30 dae gereken vanaf datum van publikasie hiervan.
**LOUISE SNYMAN**
**RINGERSTRAAT 68,**
**HEILBRON, 9650**
**POSBUS 809, HEILBRON, 9650**
**TEL NR: 082 965 4964**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **POTGIETER**
First names: **GERRIE**
Estate number: **8171/2022**
Identity/passport number: **540804 0011 082**
Date of death: **23/08/2022**
Last address: **13 Vierdestraat, Koppies**
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 15 November 2024 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, K**OPPIES**.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE,**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON 9650**
**EMAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 0588522035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2024/11/04**
**PUBLICATION DATE: 2024/11/15**

**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald**
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za




# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# TE HUUR • TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

**WINKELURE**
**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



HERALD Sport

# GP Rossouw wen HBA Maandbeker na spannende uitspeelstryd

GP Rossouw het Saterdag die HBA Maandbeker op dramatiese wyse gewen ná 'n spannende uitspeelstryd teen Simon Malgas. Die twee spelers het elk met 'n netto telling van 73 houe geëindig, wat tot 'n uitspeelstryd gelei het. Eers na die derde uitspeelputjie kon Rossouw die oorwinning verseker en sy plek as kampioen inneem.

Die klubhuis was Woensdag lewendig met ou bekendes en nuwe gesigte wat die aand saamgekuier het. Christelle se beroemde Chicken Chow Main het groot byval gevind onder die lede en hulle gades, en gesorg vir 'n feestelike atmosfeer.

Die opwinding bou reeds vir die jaarlikse Prestigedag, wat op 23 November plaasvind. Dit beloof om 'n hoogtepunt op die gholfkalender te wees, en alle spelers word aangemoedig om betyds in te skryf vir hierdie groot geleentheid.

Vir meer inligting oor inskrywings en die dag se reëlings, besoek die klubhuis of kontak die organiseerders.



*GP ontvang sy hard verdiende maandbeker van die klub se kaptein Sagaria Moholo.*

# Intog na Bethlehem

PitStop vir Jesus nooi die gemeenskap uit om deel te wees van hulle jaarlikse Intog na Bethlehem by Hoërskool Heilbron op die 23ste November 2024. PitStop vir Jesus is 'n gerigistreerde nie-winsgewende besigheid (NPC) wat al vir byna drie jaar 'n daadwerklike verskil in die dorp maak. Met maandelikse byeenkomste sluit hulle die jaar af met groot feesviering.

Dagboek die datum vir 23 November, die aksie begin om 08:45 met 'n pretstap van 4,2km na die dorp se aftreeoord, Huis Bron-van-Heil. Bring 'n ster of 'n kruis saam as simboliek aan die Ster van Bethlehem. Elkeen kan ook met sy eie voertuig ry, indien deelnemers nie wil loop nie. Daar is ook 'n trekker met 'n wa en 'n trok beskikbaar vir mense wat nie hul eie vervoer het nie en agterop wil klim. Daar is ook 'n gelukkige trekking waar iemand R1 000, R500 of R500 kan wen. Al wat jy moet doen is jou naam in die boks kom gooi voor die pretstap begin. Die trekking vind na die pretstap plaas terug op Hoërskool Heilbron se skoolgronde. Almal betrokke gaan help om geskenkpakkies aan die inwoners van Huis Bron-van-Heil uit te deel.

Daar is ook vanaf 08:00 tot 13:00 verskeie uitstallers by die skool, kom ondersteun hulle gerus. Daar is jaffels, sosaties, speelgoed, heuning produkte, juwele, koekies, lekkers, kerse en nog vele meer.

Die gewone Pitstop vir Jesus byeenkoms begin om 14:00 met Marié Bosman as spreker, na die diens is daar soos normaalweg 'n gratis ete ingesluit. Dewald Gouws sluit die aand af met sy optrede wat om 18:00 begin. Daar sal verversings te koop wees tydens die optrede. Die dag is gratis vir almal! Besprekings moet asb gemaak word vir die Pitstop vir Jesus Diens en vir Dewald Gouws. Daar is nog staanplekke vir stalletjies beskikbaar, dis ook gratis! Indien jy 'n bespreking wil maak of enige verdere inligting benodig, kontak Tanya op 083 975 8264. Die PitStop-span wil ook almal bedank wat 'n bydra tot dusver gemaak het om die dag moontlik te maak.














BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 18 NOVEMBER 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
FRANKFORT VETLAM veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

DINSDAG - 19 NOVEMBER 2024
ERMELO VETVEE veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

WOENSDAG - 20 NOVEMBER 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON VETVEE veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

DONDERDAG - 21 NOVEMBER 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VRYDAG - 22 NOVEMBER 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za